
# Graad 6 Afrikaans EAT – Aanvangsassessering Kwartaal 1

Naam: ________________________________

Datum: ________________________________



**Instruksies:**

1. Antwoord al jou vrae op die vraestel.
2. Skryf netjies en leesbaar.
3. Lees vrae en inligting deeglik deur.




LIVEWORKSHEETS

## Afdeling A: Begripstoets (20 punte)

**Lees die volgende storie deeglik deur en antwoord die vrae wat volg.**

**Hannah se Droom Word Waar!**



Hannah se groot, blink motor stop voor die teater. Die mense begin hande klap en ligte begin flits. Haar een lyfwag maak die motordeur vir haar oop. Sy klim versigtig uit die motor, sy wil nie haar nuwe groen aandrok skeur nie. Die rooi-tapyt lê soos 'n waterstroom voor haar op die grond. Die fotograwe se kameras kan nie ophou flits nie.

Sy is baie opgewonde, maar ook 'n bietjie bang. Hannah kan nie glo dat sy nou in die kollig is nie. Dit voel net soos gister dat sy 'n normale kind was, wat na Laerskool GoeieHoop toe gegaan het. Haar graad-6 maats wil nou net haar handtekening hê. Sy het soveel aanhangers wat haar wil ontmoet en vir haar e-posse stuur. Sy het oornag beroemd geword. As dit nie vir die een agent, Mnr. Pienaar, was wat haar in die klerewinkel raakgesien het nie; sou sy nie die film-rol gekry het nie.

Vanaand gaan almal haar nuwe film; "Die sterre-kind" sien. Soos sy na die teater se deure toe stap, hoor sy hoe mense vrae aan haar vra. "Hoe voel jy nou dat jy beroemd is?" "Wanneer sien ons jou in 'n volgende film?" Sy kan nie meer alleen supermark toe gaan nie, want almal erken haar. Dit was altyd haar droom om 'n aktrise te word... en kyk nou!

Binne die teater word sy na 'n spesiale stoel geneem. Haar ouers sit en wag vir haar. My ma, Amanda, en my pa, George is so trots op haar. Ma vee 'n traan af, sy huil altyd as sy baie bly is. Pa spring op en gee my 'n stywe druk. Die teater-ligte flikker en almal sit, gereed om die film te sien. Nou klop my hart in my keel, gaan die mense van die film hou?

Ek was verniet bang, toe die film na twee-ure verby is, klap almal hard hande. Sy gaan nie vanaand kan slaap nie... haar drome het waar geword. Sy is nou 'n film-ster!



LIVEWORKSHEETS

**Vrae:**

1. **Beantwoord die volgende vrae deur kort antwoorde te gee.** **(5)**

   1.1 Wie is nou 'n film-ster? ______________________________

   1.2 Waarmee neem die fotograwe foto's? ______________________________

   1.3 Hoe lank was die film? ______________________________

   1.4 Wat is die naam van die film? ______________________________

   1.5 Gee die naam van haar skool. ______________________________

2. **Vul die ontbrekende woorde in.** **(5)**

   2.1 Die rooi-tapyt lyk soos 'n _____________ voor haar op die grond.

   2.2 Die _______________ flikker en almal sit, gereed om die ____________ te sien.

   2.3 Hannah se een ___________ maak die motordeur vir haar oop.

   2.4 Hannah se droom was altyd om 'n _______________ te word.

3. **Die volgende stellings is ONWAAR. Verander dit sodat dit waar is.** **(4)**

   3.1 Hannah het 'n groen sonrok gedra.

   ________________________________________________________________

   3.2 Hannah se pa huil altyd as hy gelukkig is.

   ________________________________________________________________

4. **Kies die korrekte antwoord en onderstreep dit.** **(2)**

   4.1 Wat was die agent se naam wat Hannah raakgesien het?

   a. George

   b. Mnr. Pienaar

   c. Amanda



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

4.2 Die Afrikaanse woord vir "fans" is...

a. Fotograwe

b. Lyfwagte

c. Aanhangers

**5. Beantwoord die volgende vrae met volsinne. (4)**

5.1 Wat wil die aanhangers doen?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5.2 Waar is Hannah raakgesien?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

## Afdeling B: Taal (30 punte)

**1. Voltooi die tabel deur die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING in te vul. (4)**

| Woord: | Vergrotende trap: | Oortreffende trap: |
|---|---|---|
| 1.1 lelik | | lelikste |
| 1.2 koud | kouer | |
| 1.4 goed | beter | |
| 1.5 laat | | laatste |



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

**2. Gee die korrekte vorm van die woord in hakies. (Meervoude en verkleinwoorde) (5)**

2.1 My ouers neem ons **klein** (familie) ______________________ na die wildtuin.

2.2 Die **baie** (meisie) _______________ koop nuwe rokke vir die dans.

2.3 Ek moet elke dag **drie** (taxi) ______________________ na my werk toe ry.

2.4 Die **klein** (koning) _______________ sit op sy groot stoel.

2.5 **Al die** diamant- (ring) ______________________ is peperduur.

**3. Kyk na die volgende tekening en vul die korrekte VOORSETSELS in. (5)**

3.1 Daar is 'n aardbol _________________________ die lessenaar.

3.2 Die oop-boek lê ______________________ die beer.

3.3 Daar is 'n boks ______________________ die beer.

3.4 Die ruimte-plakkaat is ______________________ die muur.

3.5 Die karretjie is ______________________ die lessenaar en die beer.





twinkl besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

**4. Skryf die volgende woorde in die korrekte WOORDORDE. (3)**

4.1 Die toeris, versigtig, met sy motor, elke dag, ry

________________________________________________

4.2 sal, toer, oor 'n week, Die koor, in Amerika

________________________________________________

4.3 My vriendin en haar ouers, lekker, in New York, toer

________________________________________________

**5. die sinne deur die korrekte VOORNAAMWOORDE te gebruik.**
**Gebruik die woordblok om jou te help. (5)**

**ons hulle haar sy hy my hare myne hom**

5.1 Die seun het 'n tennisraket. ____________________ speel graag tennis by die skool.

5.2 Die man en die vrou, ____________________ eet by die restaurant.

5.3 Ek en ma, ____________________ doen inkopies vir Kersfees.

5.4 Die meisie koop 'n hoed. ____________________ dra graag 'n hoed.
Die hoed is ____________________

**6. Voeg die volgende sinne by mekaar deur die VOEGWOORD in hakies te gebruik. (2)**

6.1 Die kinders eet hulle kos. Hulle kry nagereg. (sodat)

________________________________________________

6.2 Ek wil goed doen in my toets. Ek leer hard. (daarom)

________________________________________________



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

**7. Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD.** **(2)**

7.1 Die man en sy familie is op toer in Namibië.

________________________________________

7.2 Rian help sy ma in die kombuis.

________________________________________

**8. Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD.** **(2)**

8.1 Wendy is baie honger.

________________________________________

8.2 Katlego het drie nuwe rekenaarspeletjies.

________________________________________

**9. Lees die sin en beantwoord die volgende vrae. (WOORDSOORTE)** **(2)**

**David skop die sokkerbal oor die bruin muur.**

9.1 Gee een eienaam uit die sin? ____________________________

9.2 Noem die hoofwerkwoord uit die sin? ____________________________



LIVEWORKSHEETS